Laerskool Mikro

# Handboekwerk:

# Woensdag 20 Mei 2020

## Wie laaste lag (Tema 8) – Bladsy 71

TEMA 8 Kwartaal 2, Week 5 en 6

# Wie laaste lag



## Inleiding


Kyk na die foto en bespreek dan die volgende vrae met 'n maat:

1. Wat sien julle op die foto?
2. Waar, dink julle, is die kinders? Gesels bietjie en kyk of julle saamstem.
3. Waarna, dink julle, kyk die kinders?
4. Waarvoor lag die kinders dalk so?
5. Vertel vir jou maat van 'n snaakse fliek of vertoning waarna jy al gekyk het.

## Ⓐ Luister en praat

### Luister na 'n fabel

Voor jy luister na 'n fabel oor Haas en Skilpad wat resies jaag, bespreek met 'n maat wat jy dink in hierdie fabel gaan gebeur.




Nadat jy geluister het, voltooi die volgende sinne:

**1.** a) Skilpad en Haas stry oor wie die ________ kan hardloop.
   b) Haas besluit hulle moet 'n (wedren, geveg, kompetisie) hou.
   c) Haas sê vir Skilpad hy sal vir hom by die ________ wag.
   d) Haas spring weg dat die ________ so staan.
   e) Dit was baie warm en Haas is so ver voor dat hy in die skaduwee van 'n ________ gaan sit.
   f) Toe Skilpad by Haas verbykom, het Haas (gespeel, geswem, geslaap).

**2.** Wat dink jy is die les in hierdie fabel? Kies die regte antwoord:
   a) As jy fiks is, sal jy wen.
   b) Jy kan nie 'n dier onderskat nie.
   c) As jy snaaks is, sal mense vir jou lag.
   d) Moenie te vinnig bly raak oor iets nie, want dinge kan anders verloop as wat jy verwag het.

**3.** Werk in pare en doen 'n rolspel. Een is Haas en een is Skilpad. Elkeen kan so drie of vier beurte kry om te praat.

## Tema 8: Wie laaste lag (Fabel)

### Die skilpad en die haas

Skilpad en Haas stry oor wie die vinnigste kan hardloop.

"Jy sal my nooit in 'n resies kan wen nie," sê Haas.

"Hmm," sê Skilpad. "Miskien is dit so, miskien nie."

"Dit is so. Ek sal jou lag-lag wen," sê Haas. "Ek kan baie vinniger hardloop as jy."

"Dit beteken nog nie dat jy sal wen nie," sê Skilpad.

"Dan moet ons resies hardloop," sê Haas.

Die wedren word gereël.

"Ek wag vir jou by die wenpaal," skree Haas en spring weg dat die stof so staan.

"Miskien" sê Skilpad en drafstap agter Haas aan.

Na 'n rukkie kyk Haas om. Hy kan Skilpad nêrens sien nie. Dis baie warm en hy gaan sit in die skadu onder 'n boom. Skilpad sal hom tog nooit inhaal nie! Hy maak sy oë toe.

'n Ruk later kom Skilpad by die boom verby. Hy sien vir Haas slaap. Hy rek sy bene nog langer en drafstap verder.

Toe Haas wakker skrik, hardloop hy vinnig wenpaal toe. En daar staan Skilpad al vir hom en wag!

"Sien jy nou," sê Skilpad. "Wat help dit dat jy vinnig is? Terwyl jy lê en slaap het, het ek aanhou stap en jou lag-lag verbygesteek!"

Terwyl Haas nog verbaas rondstaan, draai Skilpad om en begin huis toe stap. Hy weet dat Haas vandag sy les geleer het: Wie laaste lag, lag die lekkerste!

# Idiome – Bladsy 72




**Tref met taal**

Lees die idiome en betekenisse. Pas dit by 'n prent links en sê hoekom dit by daardie prent pas.

- Lag in jou mou: lag skelmpies
- Wie laaste lag, lag die lekkerste: 'n waarskuwing aan iemand wat te gou bly raak
- Hy lag of hy betaal word: hy lag baie lekker
- Ek lag my 'n papie: ek lag vreeslik
- Hy het dit lag-lag reggekry: iets was vir hom baie maklik